higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

(4010175)

30 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

133Q1B2030

Copyright reserved

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Finansiële state moet ooreenkomstig die 2001-sillabus wees.
5. Gebruik slegs 'n blou of 'n swart pen.
6. Tipp-Ex moet nie gebruik word nie.
7. Elke vraag moet op die korrekte bladsy in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
8. Toon alle berekenings tussen hakies, waar van toepassing.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Sam en Sanny is in 'n vennootskap, wat as S&S STORES bekend staan. Die finansiële tydperk is ses maande, wat op 30 September 2018 geëindig het. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:

1. Rente op kapitaal moet teen 8% per jaar bereken word.
2. Rente op lopende rekening en onttrekkings moet teen onderskeidelik 12% en 10% bereken word.
3. Vennote Sam en Sanny het salarisse van onderskeidelik R30 000 en R36 000 aan die einde van die finansiële tydperk ontvang.
4. Sanny moet 'n bonus van R7 000 vir die finansiële tydperk ontvang.
5. Skep werknemerbonusfonds van R11 000.
6. Algemene reserwe moet aangepas word na R15 000.
7. Die oorblywende wins moet gedeel word in die verhouding 2:1.

Die volgende is 'n uittreksel uit die proefbalans van S&S Stores op 30 September 2018, nadat netto wins vir die ses maande bereken is:

	Debiet (R)	Krediet (R)
Kapitaalrekening: Sam		200 000
Sanny		180 000
Lopende rekening: Sam		60 000
Sanny	30 000	
Onttrekkings: Sam	80 000	
Sanny	60 000	
Algemene Reserwe		20 000
Lening: Sam (teen 11% p.j.)		15 000
Salaris: Sam	8 000	
Salaris: Sanny	10 000	
Netto wins		110 400

ADDISIONELE INLIGTING:

Slegs R350 van die rente op die lening is betaal (die rente op leningsrekening is reeds afgesluit).

Kopiereg voorbehou

GEVRA:

Toon die volgende rekenings aan die einde van die finansiële tydperk van SES MAANDE op 30 September 2018:

1.1 Lopende rekening van Sam (11)

1.2 Lopende rekening van Sanny (10)

1.3 Rente op kapitaal (4)

1.4 Aanwendingsrekening (15)

1.5 Toon SLEGS die ekwiteitsafdeling op die balansstaat. (10)
[50]

VRAAG 2

2.1 Always Dealer het takke in Polokwane en Tzaneen. Toon die volgende inskrywings in die Algemene Joernaal van Always Dealer op 30 Mei 2018.

2.1.1 Die hoofkantoor stuur voorraad teen kosprys van R20 500 na Tzaneen en R33 200 na Polokwane op 05 Mei 2018. (6)

2.1.2 Voorraad ter waarde van 15 700 word op 19 Mei 2018 vanaf Polokwane na Tzaneen oorgeplaas. (4)

2.1.3 Die Tzaneen-tak betaal skryfbehoeftes van R1 420 en telefoon vanaf R320 vanuit sy bankrekening op 20 Mei 2018. (6)

2.1.4 Die hoofkantoor betaal voertuigkoste van R50 600 namens Polokwane-tak op 22 Mei 2018. (4)

2.2 ABC Traders met sy hoofkantoor in Venda het 'n tak in Vhembe, wat 'n volledige stel boeke hou.

Gebruik die opsomming van die tak se transaksies vir die jaar geëindig 31 September 2018 om die volgende rekenings in die Algemene Grootboek op te stel.

2.2.1 Hoofkantoorrekening (9)

Kopiereg voorbehou

2.2.2 Bankrekening (11)

Opsomming van transaksies

	R
Handelsware voorsien aan tak deur hoofkantoor teen kosprys	160 000
Handelsware deur die tak aangekoop:	
Kontant	65 000
Krediet	344 500
Handelsware deur tak na hoofkantoor teruggestuur teen kosprys	12 500
Kontantterugsendings van handelsware deur klante	7 650
Handelsuitgawes van tak deur hoofkantoor betaal:	
Versekering	13 400
Eiendomsbelasting	6 780
Handelsuitgawes deur die tak betaal:	
Diverse uitgawes	13 400
Skenking	700
Lone	10 250
Skryfbehoeftes	2 600
Invordering van debiteure	587 400
Voertuig deur hoofkantoor betaal	67 300
Kontantbetaling aan krediteure	105 700
Huur deur tak ontvang vir deel van gebou gehuur	96 000
Kontantvereffenings aan hoofkantoor	220 000

[40]

VRAAG 3

Romeo Limited is 'n kleinhandelaar wat die geweegdegemiddelde-koste-metode gebruik. Op 1 Maart 2018 was daar 200 eenhede voorraad voorhande teen R45 elk.

Die volgende aankope en verkope is gedurende Maart gedoen:

02 Koop 200 eenhede @ R46 elk
08 Verkope 100 eenhede
10 Verkope 200 eenhede
15 Koop 150 eenhede @ R48 elk
16 Verkope 50 eenhede
22 Koop 120 eenhede @ R50 elk
28 Verkope 170 eenhede
29 Koop 100 eenhede @ R51 elk
30 Verkope 30 eenhede

Kopiereg voorbehou

GEVRA:

3.1 Toon die voorraadkaart deur die geweegdegemiddelde-koste-metode te gebruik. (20)

3.2 Op 15 April 2018 is die hele pakhuis van 'n bepaalde handelaar in 'n brand verwoes, behalwe die voorraad ter waarde van R156 000.

Die algemene handelaar het voorraad aan 'n groothandelaar verkoop teen koste plus 25%, aan personeel teen koste plus 10% en aan die publiek teen koste plus 30%.

Die volgende inligting is beskikbaar:

	R
Voorraad op 01 April 2018	170 000
Aankope	260 870
Vraggeld op aankope	4 600
Doeanereg	2 300
Totale verkope	277 900
Verkope aan groothandelaars	98 300
Verkope aan personeel	72 640
Aankope teruggestuur	11 780

GEVRA: Rond alle syfers af tot die naaste rand.

3.2.1 Bereken die bedrag van verkope aan die publiek. (4)

3.2.2 Wat is die bruto wins wat op groothandelaars gemaak is? (4)

3.2.3 Bereken die wins wat op personeel gemaak is. (4)

3.2.4 Bereken die totale bruto wins. (5)

3.2.5 Hoeveel is die bedrag van die aankope wat in die handelsrekening opgeteken moet word? (3)

[40]

VRAAG 4

T Ugly het jou gevra om die balansstaat soos op 30 September 2018 op te stel.

Bereken die netto wins deur die eienaarsekwiteit. Toon ook die aantekeninge.

Proefbalans op 30 September 2018

	R
Kapitaal	83 000
Grond en geboue	158 140
Debiteurekontrole	86 000
Krediteurekontrole	52 200
Toerusting teen kosprys	86 000
Opgelope depresiasie: Toerusting	30 000
Verbandlening	69 000
Handelsvoorraad	26 000
Onttrekkings	7 860
Bank (gunstig)	48 461

Addisionele inligting:
Die volgende foute en aansuiwerings is geïdentifiseer:

a Skryfbehoeftes voorhande op 30 September 2018 het R3 400 bedra.
b Kommissie-inkomste ten bedrae van R1 600 is vir Oktober en November 2018 verdien.
c 'n Debiteur wat die onderneming R5 300 skuld, het spoorloos verdwyn; daar is besluit om die skuld as oninvorderbaar af te skryf.
d Voorsiening vir depresiasie op toerusting teen 12% per jaar op die dalendesaldo-metode.
e Water-en-elektrisiteitsrekening vir Augustus 2018; R650 is nog nie betaal nie.
f Aan die einde van September 2018 het een van die huurders twee maande se huur geskuld; die maandelikse huur betaalbaar per huurder is R3500.

[40]

VRAAG 5

Die finansiële rekords van MB Shabangu Hardeware, wat op 1 Februarie 2018 begin handel dryf het, het die volgende inligting vir twee agtereenvolgende jaar getoon.

	2017	2018
	R	R
Voorraad	31 000	63 000
Debiteure	342 400	886 000
Krediteure	210 000	400 000
Verkope (alles op krediet)	622 400	913 600
Koste van verkope	389 000	508 000
Aankope (80% op krediet)	420 000	540 000

Die volgende inligting is ook beskikbaar:

a. Die onderneming het gedurende die jaar 'n bruto wins van 60% op kosprys gehandhaaf.
b. Die periodieke stelsel is gebruik.
c. Daar was geen kontantverkope gedurende die jaar nie.
d. Debiteure het 30 dae vir krediet gekry en krediteure het 60 dae krediet vir die onderneming toegestaan.
e. 'n Goeie voorraadomsetkoers vir die onderneming is teen sewe keer per jaar bereken.

GEVRA:

Bereken die volgende aan die hand van die finansiële rekords van MB Shabangu. Rond af tot TWEE desimale.

5.1 Debiteure-invorderingstydperk vir 2017 en 2018 in maande. (10)

5.2 Voorraadomsetkoers vir 2017 en 2018 (10)

5.3 Krediteure-invorderingstydperk vir 2017 en 2018 in maande (10)
[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou